Publication: Burger (Kaap Stedelik)

Date: Friday, December 10, 2021

Page: 5



Drie van die renosters wat Woensdagaand by Inverdoorn gestroop is.

# 4 renosters gestroop in wildreservaat by Ceres

**Jackie Kruger**

Vier renosters is Woensdagnag op die private wildreservaat Inverdoorn naby Ceres in die Wes-Kaap gestroop. Een van hulle was 'n dragtige koei en 'n vyfde renoster is in die gesig geskiet.

Lede van die reservaat se eenheid teen stropers het Woensdagaand op die vier gestroopte renosters afgekom. Die renoster wat in die gesig geskiet is, is later ná 'n uitgebreide soektog gevind.

Die reservaat het gister bekend gemaak die teenstropingseenheid het Woensdagaand omstreeks 22:30 alarm gemaak toe hulle afkom op die renosters wat almal geskiet is.

Twee was dood en twee het nog geleef, maar was erg beseer. 'n Soektog is toe begin na 'n vyfde renoster op die reservaat wat 10 000 ha beslaan.

Luidens 'n verklaring is die wildreservaat se bestuur, bewaringspanne, wildveeartse en ander wetstoepassingsgroepe in kennis gestel en na die reservaat ontbied.

Na bewering is ammunisie van grootkaliberwapens met knaldempers op die toneel geïdentifiseer en patrollies is verskerp. Die twee renosters wat die aanval oorleef het, het intussen ook gevrek.

Omstreeks 02:00 het die span die vyfde gekweste renoster gewaar. Sy is in die gesig geskiet, maar leef nog.

'n Wildveeartseny-span is ontbied om die renoster se beserings te assesseer en rekonstruktiewe chirurgie word nou oorweeg.

Die reservaat het by navraag gesê die veeartse monitor die situasie om die beste tyd te bepaal om die beseerde renoster te verdoof en van nader na die beserings te kyk.

"Sy is baie bang en laat geen beweging naby haar toe nie," sê Johan van Schalkwyk, woordvoerder.

Die reservaat sê in 'n verklaring hoewel hy nie daarvan hou om renosters te onthoring nie, is renosters wel daar onthoring en hul horings is met sintetiese horings vervang. Een van die renosters wat geskiet is, het 'n veselglashoring gehad, wat van geen waarde vir die stropers is nie.

'n Beloning van R100 000 word aangebied vir inligting wat tot die vervolging van die skuldiges sal lei.

Die reservaat het ook 'n private forensiese ondersoekspan en private ondersoekers op plaaslike, streeks- en nasionale vlak aangestel om die skuldiges op te spoor.

Searl Derman, eienaar van die Aquila Collection wat Inverdoorn besit, sê dit is "'n nagmerrie wat ons weer moet herleef". Daar was in 2011 ook 'n stroopvoorval by die Aquila- private wildreservaat.

Kol. Andrè Traut, polisiewoordvoerder, het gister gesê die omstandighede rakende die voorval word ondersoek en niemand is nog in hegtenis geneem nie.

## Vorige aanval

Drie renosters is in Augustus 2011 by die Aquila-wildreservaat aangeval.

In reaksie daarop het die maatskappy die nieregeringsorganisasie Saving Private Rhino tot stand gebring en City Guns, die oudste vuurwapensakeonderneming in Kaapstad, bekom.

Saving Private Rhino was onder meer by die inhegtenisneming betrokke van die sindikaat wat in 2011 vir die stropery van die renosters by Aquila verantwoordelik was.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.